

# Welkom, o stille nag van vrede 358

Wel-kom, o stil - le nag van vre-de, on-der die sui - der - kruis,  
wyl stem-me uit die ou ver - le - de oor ster - re - vel - de ruis:

## Refrein

Kers - fees kom, Kers-fees kom - gee aan God die eer.

Skenk ons 'n hel - der So - mer - kers-fees in hier-die land, o Heer.

2

Hoor jy hoe sag die klokke beier  
in eeue-oue taal.  
Kyk, selfs die nagtelike swye  
vertel die ou verhaal.  
Kersfees kom, Kersfees kom –  
gee aan God die eer.  
Skenk ons 'n helder Somerkersfees  
in hierdie land, o Heer.

3

Voel jy ook nou sy warm liefde  
as ons die dag gedenk,  
toe Hy sy Seun aan ons gegee het –  
ons grootste Kersgeskenk.  
Christus kom, Christus kom –  
gee aan God die eer.  
Skenk ons 'n helder Somerkersfees  
in hierdie land, o Heer.